Moedersdag vinger-afdruk ornament

Wat het jy nodig:

- Lugdroog klei (gekoop of sien resep aan die onderkant)
- Sosatiestokkie
- Rooi verf of inkleurkryt
- Vrolike lint of tou

Instruksies:

1. Breek ‘n stukkie klei af en vorm dit in ‘n plat, ronde sirkel.
2. Druk jou vinger af dat dit ‘n hartjie-vorm maak.
3. Gebruik die sosatiestokkie en maak ‘n gaatjie aan die bo-kant.
4. Wag tot die klei effens droog is en verf (of kleur in) die hartjie-vorm.
5. Laat dit heeltemal hard word.
6. Bind die lint of tou vas.

Bron: https://za.pinterest.com/pin/504543964513290678/

Klei resep:

Bestanddele

- 1 koppie koeksoda
- ½ koppie Maizena
- ¾ koppie water

Metode

- Voeg die koeksoda, Maizena en water bymekaar in 'n pot en roer saam.
- Plaas die pot op 'n stoofplaat oor lae tot medium hitte. Roer aanhoudend totdat die mengsel van die kant van die pot begin wegtrek en dit 'n "kapokaartappel" tekstuur het.
- Trek die pot dadelik van die hitte af wanneer dit hierdie dikte bereik. Moenie dit oorgaar maak nie!
- Sit die klei in 'n bak of versprei dit op 'n bakplaat om af te koel. Laat die klei kamertemperatuur bereik voordat jy daarmee werk.
- Dit sal minstens 'n halfuur neem om af te koel.

Let wel: As die vorms klaar gemaak is, laat die klei vir 3 tot 5 dae lugdroog word. Of bak dit in ‘n oond teen 90°C vir 60 min tot 90 min. Draai dit halfpad deur om.

Bron: https://onelittleproject.com/how-to-make-clay/